

AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE LET-
TERKUNDE AS STUDIEVAK AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

REDE

by die aanvaarding van die Professoraat in die
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde aan die
Universiteit van Pretoria, gehou op 29 April 1936

deur

Dr. M. S. B. KRITZINGER, M.A.



1936

Reeks IV: Intreeredes
No. I.

Die hele letterkunde as studieveld.

In 'n jong land soos ons s'n met sy eie vraagstukke en sy eie behoeftes staan 'n mens vanself anders teenoor die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde as universitêre studievak dan bv. in ouer lande soos Nederland. Dis nie so lank gelede dat die eerste leerstoel in die Nederlandse Letterkunde in Europa gestig is nie en tog het daar wat dié studievak betref reeds 'n tradisie ontstaan. So selfs dat prof. Albert Verwey in sy „afscheidscollege” verlede jaar onderskei tussen 'n „akademisch neerlandicus” en 'n „nederlands letterkundige.” Dan lê hy die stelling neer: „de academicus richt zich op het verleden van onze literatuur, de letterkundige op haar toekomst of, tenminste, op haar bestaan van dit oogenblik.”¹⁾

As die Afrikaanse dosent in die Hollandse letterkunde by ons so'n besliste grens moes trek, sou daar nie veel van die Afrikaanse letterkunde oorbly wat aan die universiteit behandel kon word nie. By ons is 'n samesmelting van die standpunte van die „neerlandicus” en „letterkundige” nodig, want die dosent moet in die eerste plek na die verlede gaan, maar hy moet ook aandag wy aan die hede en dikwels moet hy die oog op die toekoms rig. Dis omdat ons aan die universiteite as geestelike leiers deel moet neem aan die kulturele strewes van die Afrikaner. Ons moet direk, maar ook via die studente, probeer leiding gee aan 'n doelbewuste jong nasie.

Ons moet onthou dat 'n moderne universiteit nie meer soos 'n Middeleeuse klooster is wat hom net ten doel stel om kennis op te gaar nie. Nog meer geld dit wanneer ons aan die verpligtings van 'n volksuniversiteit dink—en dis juis wat ons wil wees. Ons ideaal is om in die eerste plek die Afrikaansspreken-

¹⁾ *Het Lezen en Schatten van Gedichten* Afscheidscollege van Albert Verwey.

des te dien. Ons betrek ons studente hoofsaaklik van die uitgestrekte platteland van Transvaal, maar ook van die ander provinsies van ons land. Ons strewende daarna dat ons universiteit 'n intellektuele kragstasie sal wees wat deur sy dosente, oud-en teenswoordige studente sy lig en krag en daarom invloed na die verste uithoeke van ons land sal bring. Dan alleen sal hy sy volkstaak ernstig opneem.

Verpligtings van die dosent.

Die dosent in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde moet daarom klem lê op sy doseerwerk. Om dit deeglik te kan doen, moet hy student wees. Sy studeerkamer is sy heiligdom; daar moet hy kennis put uit die talryke boeke wat oor onderdele van sy vak verskyn het. Daar moet hy in intieme aanraking kom met soveel boeke moontlik wat saam die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde vorm. Hy moet daaruit kennis opdoen, maar meer nog moet hy soos 'n by die skoonhede daaruit puur en dit vir sy studente bring. Hierop moet altyd die meeste klem val. Dit kom alles neer op lees en lees en nogmaals lees. Daardeur alleen kan hy sy studente lei en prikkel om self te lees, want alleen op dié manier kan hulle intree tot die lokkende skatkamers vol wysheid en kennis wat hulle deur naartogige studie hulle eie kan maak.

Dit het ons reeds na die tweede plig van die dosent gebring, nl. die leiding van sy studente. Hulle moet die regte metode van studie bygebring word; hulle moet leer om vóór alles ondersoekers te wees. Daarom moet hulle altyd gelei word om na die bron te gaan, want vir napraters is daar in die geleerde en maatskaplike wêreld geen plek nie. Geleerdheid bestaan nie in die paradeer van die menings van talle geleerdes nie, maar in die assimilasië van hulle kennis om tot 'n eie gemotiveerde oordeel te kan kom.

Verder behoort ons met reg klem te lê op die oorspronklike werk wat deur die dosent gedoen moet word. Hoe waardevol dit ook al mag wees, dink ek hier nie in die eerste plek aan die belletristiese werk van die leermeester nie. Gelukkig die persoon wat ook op hierdie gebied seker talente ontvang het. Hy moet daarmee woeker as hy die tyd kan uitkoop. Ek dink

hier egter aan die werk wat hy as vakman in die pers moet lewer. Daar is vereers die suiwer wetenskaplike werk, die resultaat van moeisame en tydrowende ondersoek. Ongelukkig het die meeste Suid-Afrikaanse dosente soveel doseerwerk dat die ure aan regtige ondersoekingswerk gewy van die dikwels met studie oorlaaide vakansie-ure afgeknyp moet word. Solank die universiteitsdosente in ons land die baie doseer- en dikwels tydrowende administratiewe arbeid het, sal hulle deur navorsingswerk uiters min tot die wetenskap van hulle onderskeie vakke kan bydra. Dan is daar nog die baie populêr-wetenskaplike werk wat ons nie mag verag nie. Dit geld artikels in die pers oor persone, oor boeke en oor onderdele van die letterkunde. In die geval van die Dietse letterkunde is dit veral letterkundige kritiek wat uitgeoefen moet word. Ook hier is eerlike voorligting baie nodig. Die gewone man het geen tyd en lus om boeke vlugtig deur te blaai en die belowendste daarvan te lees nie. Die dosent in die Afrikaanse letterkunde moet feitlik alles lees wat daar verskyn, maar dan is dit 'n mens se plig as bevoorregte Afrikaner om sy bevindings oor die ver naamste boeke aan die groter publiek mee te deel. 'n Mens het tog ook verpligtings teenoor sy nasie.

Dis veral ons groter taak in Suid-Afrika. En dan stel ek my die universiteit van vandag by ons die liefste voor as 'n gebou op 'n berg. Van ver is hy sigbaar; 'n mens sien met eerbied na hom op, omdat hy geestelike leiërs vir die lewe voorberei, omdat in 'n egoïstiese en stoflike wêreld geestelike waardes nie verag word nie. Die fris gesonde lewe waai van alkant in. Deurdadig die dosent met die hele letterkunde, ook die allerjongste, van sy nasie kennis moet maak, staan hy binne-in die lewe. Hy is uit die aard van sy werk beter bevoeg om geestelike leiding te gee. Hy mag nie 'n uitgedroogde ensiklopedistiese geleerde wees wat soos 'n spons net opneem nie. Hy moet ook uitgee. Die groter plig van die dosent is daarom om sy kennis deur artikels, deur lesings en deur toesprake by voorkomende geleenthede na sy minderbevoorregte mede-Afrikaners te bring. Hy moet probeer besiel. Daar is talle Afrikaners op die platteland wat ook op hierdie gebied na die universiteit om lig en leiding opsien. Ons mag hierdie verspreide gehoor nie minag en daarom verwaarloos nie en die minste mag die Universiteit van Pretoria dit doen.

Die tyd om dit alles ten uitvoer te kan bring? Ja, dit bly die groot moeilikheid, maar dit verg ook baie krag om orals waar 'n mens gevra word in te spring. Dit neem egter nie weg dat 'n mens die groter nasionale taak as ideaal gedurig voor oë moet hou nie.

Die Dietse lettere as eenheid.

Wanneer ek die gebied van die Dietse Letterkunde oorsien (en daaronder reken ek die Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse) dan beskou ek dit die graagste as 'n eenheid. 'n Mens kan dit nie anders sien as 'n groot boom wat so gegroei het nie. Die stam word deur Middelnederlands en 'n deel van die letterkunde van die nuwer tyd, tot ongeveer 1652, toe Jan van Riebeeck aan die suidpunt van ons land die voet aan wal gesit het, gevorm. Hierdie letterkunde behoort tot ons geestelike erfgoedere en is die gemeenskaplike besit van alle Dietsers, in die letterkundige betekenis van die woord. Dan maak dit nie saak of die eerste deel van hierdie letterkunde Suid-Nederlands is en die later deel Noord-Nederlands nie. Dis die letterkunde van 'n groot deel van ons voorouers en is ook in hulle taal, daarom behoort dit ook aan ons. Sonder om 'n voorstander van 'n anneksasie-politiek op die gebied van die letterkunde te wees, kan ons dit met 'n rein gewete as ons eie opeis. Al die werk van die beroemde sewentiende-eeuers, soos Hooft, Bredero en 'n groot deel van Vondel, om net 'n paar name uit die eerste geslag van die Goue Eeu te noem, is ons s'n, want die werk was reeds daar toe Jan van Riebeeck „teen wil en dank" die fondament van die toekomstige Suid-Afrika gelê het. Omdat ons taal uit die Nederlandse dialekte van daardie tyd ontwikkel het, staan die sappige en kleurryke volkstaal van 'n Bredero in baie opsigte juis so naby ons eie Afrikaans.

Van hierdie tyd af het die stam 'n Hollands-Afrikaanse tak gegee. Hieruit het die egte Afrikaanse loot van ongeveer 1875 ontwikkel. In die tussentyd het die Nederlandse en Vlaamse takke by tye stil gestaan, maar dan weer welig opgeskiet. Vir ons is dit van belang om te weet dat hulle ook heerlike vrugte opgelewer het.

Aan ons universiteit gaan ons nie een onderdeel van die Dietse lettere verwaarloos nie. Ons gaan die historiese kontak

bewaar, omdat ons nie skaam is vir ons verlede en vir ons familie nie. Uit die aard van die saak sal die meeste klem egter op ons eie moet val.

Die gebied van die Afrikaanse „letterkunde.”

Onder geen omstandighede sal ons die kultuur-historiese agtergrond verwaarloos nie, want dan sou ons ons van ons voorouers lossny. Ek stem volkome saam met prof. G. Besseelaar waar hy sê dat die moderne en antieke letterkundes nie is „soos Melchisedek sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsrekening, sonder om 'n beginsel van dae of 'n einde van lewe te hê nie.”²⁾ Alleen uit 'n studie van die verlede kan ons die hede behoorlik verstaan. Ons gaan probeer om eerlik te wees teenoor onself en te waak teen die verkragting van die letterkundige wetenskap. Al ons kultuurgoedere gaan ons in ere hou en hier soek ons vanself aanknopingspunte met die leerstoel van Afrikaanse Kultuur en met die leerstoel van Afrikaanse Geskiedenis. Ons gaan 'n studie maak van al die Hollandse geskrifte wat in ons land ontstaan het. Die vraag wanneer ons letterkunde begin, sal ons geen onnodige hoofbrekens veroorsaak nie. M.i. staan dit vas dat feitlik alle geskrifte in een of ander vorm van Nederlands of amper-Nederlands sowel as die meer Afrikaanse tot ons geestesgoedere behoort, maar as ons die woord „letterkunde” in verband hiermee sonder kwalifikasie gebruik, stel ons ons aan allerhande gevare bloot en is ons letterkundig onwetenskaplik. In verband met suiwer letterkundige aangeleenthede stel ek my op die estetiese standpunt, want daar is geen ander standpunt waaruit 'n mens die blywende betekenis van 'n letterkunde kan bepaal nie. Uit hierdie hoek beskou, verstaan 'n mens onder letterkunde alleen dié geskrifte in die volkstaal wat deur hulle skoonheid ontroer, geskrifte waarin ons dus woordkuns aantref.

Ons kan die woord „letterkunde” ook in sy ruimste betekenis aanwend, maar dan moet ons dit duidelik sê anders is ons onwetenskaplik. Die eerste geskrifte soos die *Dagverhaal* van Jan van Riebeeck en die talle ander werke in 'n soort Nederlands, maar wat 'n Afrikaanse gees adem, besit historiese of

²⁾ *Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde* in *Die Huisgenoot* van 17 Januarie 1936.

kultuur-historiese waarde, maar esteties beteken hulle feitliks nie. Van geskiedkundige waarde is natuurlik ook die ou boeke in Duits e.a. tale oor ons land. Een van die klinkende argumente wat C. J. Langenhoven in sy klassieke lesing *Afrikaans as Voertaal* ³⁾ so oortuigend ten gunste van die verheffing van Afrikaans tot skryftaal reeds in 1914 aangevoer het, is dat daar van 1652 tot vandag toe in Hoog-Hollands geen kunswerk in ons land voortgebring is nie.

In die baie artikels ⁴⁾ wat in die afgelope twee jaar oor die „Hollandse” geskrifte in ons land na aanleiding van *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* van dr. Elizabeth Conradie verskyn het, word m.i. net ’n deel van die waarheid beklemtoon. Die een groep laat ons letterkunde by Jan van Riebeeck ’n aanvang neem; die ander wil tereg onderskei tussen die Hoog-Hollandse geskrifte en dié in die volkstaal. Daar word nie altyd genoeg gemaak van die sielkundige betekenis van die gebruik van die eie spreek- as skryftaal nie.

Al die Hoog-Hollandse geskrifte behoort in die ruim betekenis tot ons letterkunde, maar wanneer ’n mens sake uit ’n suiwer estetiese standpunt beskou, was die Afrikaanssprekende skrywers met hulle baster-Nederlands op ’n verkeerde pad. Vir ’n Afrikaanse kunstenaar kon ’n boektaal wat vir die meeste van hulle dood en daarom geyk is nooit die draer van kunswerke wees nie. Om ’n kunswerk te kan skeep, mag die kunstenaar nie met die uitdrukkingsmiddel sukkel nie. Dit moet in ’n fris maagdelike taal as-’t-ware vanself uit die hart opborrel en dit kan alleen gebeur wanneer ’n mens die spreektaal, die taal wat jy van kleins af gebruik en die beste ken, as skryftaal aanwend. Hoe meer ’n mens dus daarvoor nadink hoe groter word die daad van die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875. Deur hulle optrede is nie alleen die voortbestaan van die Hollandse taal in ons land verseker nie, maar dit beteken ook die begin van logies dink. Die uitdraaipaadjie

³⁾ In *Ons Weg deur die Wêreld*.

⁴⁾ Kyk o.a. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Julie 1934, *Oor Boeke* deur D. F. Malherbe; *Nuwe Oriëntering* deur G. Dekker in *Die Huisgenoot* van 28 Sept. 1934; *Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde* deur prof. G. Beselaar in *Die Huisgenoot* van 17 Jan. 1936; *Die Oorsprong van die Afrikaanse Letterkunde*, deur prof. E. C. Pienaar in *Die Huisgenoot* van 14 Febr. 1936; skrywer hiervan in *Die Volkstem* van 21 Julie 1934.

wat hulle gekies het, was die regtige pad van Suid-Afrika. Dis die enigste weg wat tot kuns kon lei. Goed bring prof. C. M. van den Heever dit uit waar hy in sy opstel oor *Nasievorming* ⁶⁾ van die oorhand wat Engels gekry het, praat:

„Engels is die draer van die een tradisie, maar ongelukkig word die innerlike dryfkrag en magnetisme van die ander tradisie belemmer deur die uitdrukkingsmiddel; 'n stywe Koster-Hollands word gebruik as skryftaal terwyl Afrikaans, wat gebore is saam met die Afrikaanse Gedagte, nie erken word nie.”

Ons laat ons egter nie deur ons geesdrif vir Afrikaans verlei om die eerste geskrifte in die volkstaal as kuns aan te slaan nie. Maar ek stem ook nie saam met dr. G. S. Preller wat enige jare gelede gesê het, dat ons net 'n paar reëls waaragtige kuns in ons letterkunde besit nie. Dit staan nietemin vas dat 'n 95 persent of meer van ons geskrifte in Afrikaans net as lektuur waarde besit en daarom net van kultuur-historiese betekenis is.

Waarde van Gewone Lektuur.

Ons gaan dus onderskei tussen kultuur-historiese werk en boeke wat 'n mens deur hulle skoonheid ontroer. Onder eersgenoemde sal ons met ere noem die geskrifte van Nederlanders en Afrikaners wat in Hoog-Hollands vir die Hollandse Idee opgekom het en so meegehelp het om ons Hollandse erfgoedere waaronder ek veral ons taal en ons nasionaliteit reken vir die nageslag te bewaar. Ons sal ook nie nalaat om hulde aan die gewone skeppers van lektuur by ons te bring nie. Hulle invloed op 'n landelike bevolking soos ons s'n is baie groter as dié van ons waaragtige kunsskeppers. In die 19e eeu is die siel van die Afrikaner die reinste bewaar op die platteland. Daar het die latente krag van die Afrikaner geskuil. Die invloed van die lerende en moraliserende, maar suiwer nasionale werk van die eerste en later geskrifte mag daarom met die betrekking van die grootste gros Afrikaanssprekendes in die nasionale strewe nie onderskat word nie. Daar moes eers wees taalbewussyn, voordat daar kon wees 'n persoonlike bewussyn

⁶⁾ In *Die Afrikaanse Gedagte*; kyk ook *Studies en Kritieke* van ondergetekende op bl. 49 en vgg.

en 'n nasiebewussyn wat na die skepping en die waardering van eie kunsprodukte kon lei.

Nasionale Werk.

Ook in die historiese studie van die ontwikkeling van die letterkunde gaan ons probeer om eerlik te wees. Hier is ek dit roerend eens met Anthonie Donker, nou prof. Donkersloot, waar hy sê: „De historicus schrijft om de waarheid te zeggen die hij vindt, niet om de waarheden te bewijzen die hij gelooft.”^{o)}

Op kultuur-historiese gebied is daar nog veel ondersoekingswerk te doen. Ons praat wel van kultuur en die invloede wat op ons s'n ingewerk het, maar uiters min is bv. in boeke en artikels vasgelê oor die groei van die Afrikaanse Idee gedurende die 18e en veral die 19e eeu. En dis juis die voedingsbodem wat bevrugterend gewerk het op die meeste nasionale aktiwiteite van later.

Die Departement van die Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde gaan dus probeer om ondersoekers te besiel, sodat hulle die soeklig kan laat val op die baie vraagstukke wat in verband staan met ons letterkunde in die ruimste betekenis van die woord. Deur geesdrif as dit kan, deur ander middels as dit moet, gaan ek probeer om liefde vir ons letterkunde by my studente te wek. Sonder om te wil afding van die betekenis van ander leerstoelbeskouers ek tog die leerstoel van die nasionale kuns en van die nasionale verlede as die belangrikste aan enige universiteit. Ons het in 'n tweetalige land soos ons s'n waar dit die denkende Afrikaanssprekende se plig is om toe te sien dat sy nasie 'n regmatige aandeel sal neem aan die stoflike en geestelike opheffing van die Afrikaanssprekendes en die skepping van 'n gesonde, daadlustige Suid-Afrikaanse volk 'n besondere roeping aan die universiteit. As die tientalle studente wat ons elke jaar in die lewe instoot, geleer het om te lees, te dink en ondersoek in te stel, hoef ons nie vir die toekoms van die Afrikaanse nasie bekommerd te wees nie. Dan sal ons bruikbare mense hê wat self nadink en op hulle onderskeie gebiede leiding kan gee.

^{o)} *De Gids*, September 1935, bl. 391.

Studie van die Moderne Nederlandse Letterkunde.

Ek beskou dit verder my plig om na te gaan of ons nie meer voordeel uit die Nederlandse en Vlaamse letterkunde kan trek nie. In die verlede is afgesien van seker outeurs uit die later tyd die Nederlandse letterkunde van die begin tot en met die Tagtigers bestudeer. Dele daarvan word intensief behandel en die studente kan met kennis praat van die mooiste kunswerke van die beste skrywers. Sedert 1917, toe daar 'n end aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gekom het, het ons met die studie van die ouer sowel as die jonger letterkunde baie gevorder. Dis nietemin 'n feit dat ons intellektuele Afrikaners nie genoeg Nederlandse boeke lees nie. Dis m.i. in 'n groot mate te wyte aan die soort Nederlandse boeke wat vroeër voorgeskryf en die manier waarop hulle behandel is. Toe is 'n voorgeskrewe boek as 'n doel op sigself beskou; hy is nie gebruik om die student in die verwante letterkunde in te wy nie. Die ouer letterkunde is veral histories bestudeer en hoe pragtig die werk van baie van daardie kunstenaars ook al is hulle staan taamlik ver van die Afrikaner. Omdat die Afrikaner meestal nie vertrouwd is met die kultuur-historiese agtergrond waaruit hulle ontstaan het nie kon hy hom minder maklik inleef in die gees van daardie tyd. By net 'n klein persentasie studente is liefde vir daardie kuns gewek, daarom kon die werk nie deel van die bestudeerders word en hulle geestelik verryk nie.

Maar ook „moderner” werk uit die 19e eeu is behandel. Behalwe lofwaardige uitsonderings, soos die *Camera Obscura* van Hildebrand en *Max Havelaar* van Multatuli, was die werke wat vir intensiewe studie in aanmerking gekom het o.a. *Waarheid en Droomen* van Jonathan, *St. Paulus Rots* deur Ter Haar, *Pastorie te Mastland* deur Van Koetsveld, *Napoleon Bonaparte* van Schimmel, *Het Slot Loevenstein* deur Oltmans. Daarby het nog verskeie werke van mevr. Bosboom, Van Lenep en Van Maurik gekom. Hierdie werk van predikant-digters, swakker realiste en onbenullige dramaskrywers kon die jeugdige lesers nie met gesdrif besiel nie — laat staan liefde vir die Nederlandse letterkunde wek, want niks speel in kunsake so'n groot rol as besieling en liefde nie.

In die laaste jare het die toestand op dié gebied aan ons universiteit aanmerklik verbeter. Die jonger Vlaamse en Nederlandse letterkunde, selfs na die Tagtigers, het sy regmatige plek in die universiteit opgeëis. Die Nederlandse professore in die vaderlandse letterkunde sal miskien hieroor glimlag en die kop bedenklik skud, want 'n hele paar gee nog nie eers voorlesings oor die Tagtigers, om nie eers van die letterkunde van die later tyd te praat nie. Dis nie so lank gelede dat die eerste proefskrif oor die Tagtigers geskryf is nie en hier het, sover ek my kan herinner, 'n Afrikaner, dr. G. Dekker, die voortou geneem. Sien u waarom prof. Verwey van die „akademisch neerlandicus” praat? Deur jou by die ouerige werk te bepaal, loop 'n mens minder gevaar om mis te tas, want in die loop van die tyd word die onbenullige werk vergeet. Dit beperk die studieveld. Die dosent kan kortom meer wetenskaplik te werk gaan. Ons kan egter nie wag nie—ons mag nie.

Die Afrikaanse dosent is m.i. hier verplig om die glibberige weg te volg. Hy moet probeer leiding gee op 'n gebied waarop dit uiters moeilik is om met gesag te praat. Ek is egter daarvan oortuig dat as ons 'n lewende belangstelling gaande wil maak in die Nederlandse en Vlaamse letterkunde ons aanknopingspunte by die letterkunde van vandag moet soek. 'n Kunswerk weerspieël die gees van die tyd. In die kontemporêne Nederlandse roman- en digkuns leer ons dus die Nederlanders ken soos hulle op allerhande plaaslike en wêreldvraagstukke reageer. Ons sien waardeur hulle gemoedere in beroering gebring word, wat hulle dink en waarna hulle streef. 'n Studie van die Nederlandse lettere is dus nodig as ons die Nederlanders, soos hulle vandag is, wil verstaan.

Ek is nie die mening toegedaan dat die bietjie aandag wat ons aan Nederlands kan wy ons taal bv. van verwildering of anglisering sal red nie. As ons wil hê dat Nederlands Afrikaans moet beïnvloed, sal ons 'n deeglike studie van die taal moet maak — veel grondiger as ons dit vandag doen of kan doen. Dit sal egter sy nut hê as die Afrikaanse kind in die laer klasse van die middelbare skool en selfs in die hoër klasse van die laerskool tot die moderne Nederlandse letterkunde gebring kan word. Aan die universiteit gaan ons beslis meer aandag wy aan die jonger letterkunde. Dis 'n saak wat die

nouste verband hou met ons strewe as intellektuele Afrikaners. Wanneer 'n Afrikaner van nader aansluiting by die Nederlandse letterkunde praat dan is dit nie omdat net sy hart deur die strewe ontroer word nie. Dis veral sy verstand wat sê dat dit nodig is om voordeel uit die aanraking, al is dit net deur kuns, met die verwante volk te soek. Ons liefde vir die skoonhede in die Nederlandse letterkunde dwing ons om dit te doen; ons verlede. veral as Transvalers, toon ons dat ons dit moet doen.

Ons wil op geestelike e.a. gebiede saamwerk, maar dan is dit noodsaaklik dat ons mekaar sal verstaan en dat ons deur kennis respek vir mekaar se geestesgoedere sal hê. Ons handjievul Afrikaners met ons klein letterkunde, met ons min kunsprestasies, kan dit nie bekostig om nie deur alle middels tot ons beskikking voordeel uit die ouer en soveel ryker Nederlandse letterkunde en kuns te trek nie.

Dis die ideaal wat ons ons voor oë sal hou. Ek verwag nie dat ons dadelik veel sal bereik nie. Dis maar net 'n onderdeel van ons program. Ook ontbreek die tyd om self genoeg aandag aan die jongste letterkunde te kan wy. Dit sal egter genoeg wees om die nodige brug waarlangs die Europese invloed na ons toe kan kom te slaan. Omdat die vastelands-Europese opvattinge soveel anders is as ons s'n sal dit op ons eie bevrug-tend moet werk. Tot navolging sal dit seker nie lei nie; daarvoor sal die aanraking nie intiem genoeg wees nie. Tot die gedurfdheid van die uitbeelding van lewensvraagstukke sal dit ook nie voer nie, al weet ek dat baie van die jonger kunstenaars 'n bietjie meer reguitheid in kunssake sou verwelkom. Nou soek ons die hele lewe tevergeefs in ons letterkunde. By ons jonger digters, soos C. M. van den Heever, Mocke, die twee Louws, sien ons reeds watter heilsame uitwerking die studie van die nuwer Nederlandse digkuns op hulle gehad het.

So'n studie van die werk van verwante tydgenote sal veel daartoe bydra om ons eie uit die regte gesigspunt te benader. „Het vreemde kennen, het eigene aankweken”, geld ook vir vandag. Ons sal dan nie geneig wees om die eie te hoog aan te slaan en 'n bekrompe chauvinistiese strewe voor te staan nie. Daarom soek ek aanknopingspunte by die leerstoel van die

Nederlandse Kultuurhistorie. Die student moet die hele veld kan oorsien om te voorkom dat hy op 'n nou paadjie raak.

„Hierdie plan mag goed klink, maar is gevaarlik. 'n Mens kan nie 'n wetenskaplike studie van die werke van tydgenote maak nie!” hoor ek iemand sê. Ek is bewus van die gevare en gaan daarom teen hulle waak. Dis vir ons, Afrikaners, vandag egter minder gevaarlik om ons op hierdie klein onderdeeljie van die Nederlandse letterkunde aan die gevaar van onwetenskaplikheid bloot te stel en 'n lewende en intelligente belangstelling in die Nederlandse letterkunde van vandag te toon as om altyd 'n halfeeu agter te wees op letterkundige en geestelike gebied en net te *praat* van die wenslikheid om beter vertrouwd te wees met die Nederlandse letterkunde van die dag. Dis pedagogies gesond om aanknopingspunte by die hede te soek.

Beroep om Hulp.

Vir hierdie strewe het ons hulp nodig. Ons biblioteek moet al die Nederlandse naslaanwerke, bundels kritieke en opstelle dadelik na hulle verskyning bevat. Ons moet 'n verteenwoordigende aantal digwerke en romans van die erkende letterkundige kunstenaars van Nederland en Vlaandere kry so gou moontlik nadat hulle die lig gesien het. Op die oomblik het ons nie die fondse om hierdie plan in sy geheel in werking te stel nie. Van harte hoop ek dat simpatieke Nederlandse uitgewers ons in hierdie strewe sal kan help. Meer verwag ek van oud-Nederlanders wat iets vir hierdie plan voel en in staat is om 'n flinke bydrae vir dié doel aan die Universiteit oor te maak. Daardeer sou hulle die land van hulle adopsie, hulle tweede vaderland wat so goed vir hulle was, 'n groot diens bewys. Daardeer sal egter ook blyk hulle trots op en vertrouwe in die prestasies van die mooi klein landjie daar ver oor die see — 'n land wat op kulturele gebied vir ons soveel beteken, maar oneindig meer behoort te beteken. Ek het in alle geval hulp van buite nodig om my planne ten uitvoer te bring. Wat die res betref, maak ek staat op my studente.

'n Woordjie aan die Studente.

Aan hulle wil ek ook my laaste woordjie rig. In die afgelope sestien en 'n halfjaar wat ek aan ons universiteit verbind is, het ek met die grootste harmonie met my studente saamgewerk. Ook na hulle vertrek en by die toetsing van die kennis wat hulle gedeeltelik onder my leiding opgedoen het, het hulle my vriende gebly. In al my werk is ek gedra deur die belangstelling en simpatie van my studente, want hoe pligsgetrouer die student hoe meer die dosent gedwing word om van sy beste te gee. Wat ek hierbo uiteengesit het, is nie maar 'n teoretiese beskouing nie. 'n Groot deel daarvan is reeds in die praktyk getoets. Ek voel egter dat ek nie sal kan bereik wat ek my voorgestel het, tensy ek volkome op u kan staat maak om as gewillige, maar onafhanklike geeste die akker wat ek aanvoor deeglik om te ploeg en intensief te bewerk nie. Ek het uiteengesit wat ek as *my* plig, maar ook as *nasielig* beskou. Die volvoering daarvan laat ek aan u oor: Aan u behoort die toekoms.